NG KERK WATERKLOOF

Wie ons is, waar ons staan en wat ons doen

Ons glo aan die kerk
wat uit Christus groei
tot nuwe skeppingswerk
om all mense
met Geloof en Hoop en Liefde te verbind
aan die koninkryk van God se Kind

(Wilhelm Jordaan)

JAARVERSLAG VAN DIE NED. GEREF. KERK WATERKLOOF. H/V GIOVANETTI- & DEYSTRAAT, NIEU MUCKLENEUK. POSBUS 1526, GROENKLOOF, 0027.
E-POS: ngkwater@yebo.co.za. TEL: 012 460 3913 FAKS: 012 460 1460. LERAARS: DS DANIE DU TOIT 012 460 4437, DS ANDRÉ VAN NIEKERK 072 317 0408

OM 'N VENNOOT IN 'N GEMEENTE TE WEES...

Om ‘n vennoot in ‘n gemeente van die Here te wees,
beteken dat ‘n mens in die Here se saak belê.

Wanneer jy aandeelhouer van ‘n maatskappy is,
verwag mens dat jou belegging vir jou geldelike wins moet oplewer. Indien jy ‘n lid van ‘n sportklub is, verwag jy dat dienste vir jou gerief gelewer word.

Lidmaatskap van ‘n gemeente is anders.
‘n Mens verwag nie dividende in geldformaat nie en
meet ook nie die dienste wat vir jou persoonlik gelewer word nie. Die maatstaf is of jou tyd, energie en geld so aangewend is
dat Here se saak van Geloof, Hoop en Liefde gegroei het!

In hierdie jaarverslag word daar gepoog om dié vrae te beantwoord en om te meet tot welke mate ons gemeente
aan hierdie maatstawwe voldoen.

Jaarverslag

Ons gee graag ‘n kort verslag van gemeentebedrywighede die afgelope finansiële jaar. Ons vertrou dit sal vir u ‘n oorsigtelike beeld gee van gebeure.

Daarna gee ons ons kernwaardes waarop ons bedieningstruktuur gebaseer is.

Vervolgens verduidelik ons kortliks ons gemeentelogo, ons nuwe bedieningstruktuur asook die verskillende bedieninge.

Ons gee spesiale aandag aan die Finansiële Diensgroep se verslag oor 2008 en hulle beplanning vir 2009.

Ons sluit af deur kortliks te verduidelik hoe dit alles in ons nuwe bestuurstruktuur inpas.



Piet van Hoven
Voorsitter: Kerkraad
1 September 2009

Maart 2008 - Februarie 2009

In ons vorige jaarverslag, gedateer 1 April 2008, het ons beplan om besondere aandag aan vyf sake te gee. Ons haal dit woordeliks in die linkerkolom hieronder aan. In die regterkolom meld ons wat aan die voornemens gedoen is en wat nie:

WAT BEPLAN IS	WAT GEDOEN IS
"1 Die ontwerp van `n gemeentelogo, die instel van 'n webbladsy en groter gebruik van ons sms-diens."	Ons het geslaag om 'n nuwe gemeentelogo te skep, die sms-diens beter benut en, aansluitend daarby, stappe begin doen om ons gemeentelys op datum te bring. Ons het wel ondersoek gedoen na webbladsy en het kwotasies van diensverskaffers ontvang. Ons kon egter nog nie gegewens vir die webbladsy verskaf nie omdat ons nuwe bedieningstruktuur eers onlangs goedgekeur is en nog nie behoorlik in werking is nie.
"2. Parkering by die laerskool is gereël en ons veiligheidsreëlings sal opgeskerp word. 'n Behoorlike vaste projektor en klankstelsel sal in die saal geïnstalleer word en 'n deeglike ondersoek na die optimale benutting van die erediensruimte word onderneem. Die kinderkamer sal meer gebruikersvriendelik en toegankliker gemaak word."	Projektors en klanktoerusting is in die saal en kerkgebou geïnstalleer op die mees estetiese wyse as wat ons bestaande fasiliteite toelaat. Die moederskamer is geverf, vriendeliker gemaak en toegerus met beter klank vanaf die liturgiese -en koorruimte.
"3. Ten einde die opeenhoping van kategese-groepies in die saal te verminder, sal ruimtes in die tuin vir hulle ontwikkel word. 'n Ondersoek na 'n herdenkingsmuur en gebedstuin word geloods."	Kategeseruimtes is in die tuin geskep en die saal is ook opnuut ingedeel en meer kindervriendelik gemaak. 'n Voorlopige struktuurplan oor 'n herdenkingsmuur is ingedien.
"4. Die bediening van lidmate in 'n tyd waarin langer werksure en sekuriteit 'n probleem is, stel nuwe eise aan ons. Die wykstelsel sal waarskynlik hiervoor aangepas moet word. Ons sal planne maak en ook kers opsteek by ander uitnemende gemeentes, maar alleen dit oorweeg wat by ons gemeentekultuur sal kan inpas."	'n Nuwe bedieningstruktuur sowel as bestuurstruktuur het beslag gekry. Dit is omvattend en daarom berig ons hieronder meer volledig hieroor.
"5. Ons sal graag die bediening aan ons voorskoolse- en laerskooljeug vanjaar sterk wil uitbou in 'n gesinserediens waarin sang en musiek baie aandag sal ontvang. Ouers sal saam met hul kinders hierdie dienste kan bywoon. Ons sal sorg dat ons tradisionele sterk punte, waaronder geloofwaardige Woordbediening, steeds voortgesit word."	Ons bediening aan die Jeug het redelik goed voortgegaan, maar ons is nie tevrede met die groei van die gesindiens en die informele aanddiens vir die jeug nie. Ter versagting moet bygevoeg word dat ons klank- en projektortoerusting eers in Meimaand 2009 voltooi is (in 'n nuwe finansiële jaar) en ons kon tóé eers 'n jeugorkes met behoorlike toerusting begin organiseer. Ons hoop om nou vordering te maak.

Kernwaardes

Op grond van die Bybel en die Belydenisskrifte, is die volgende geloofsuitgangspunte en -waardes tans vir ons gemeente van groot betekenis en 'n uitdrukking van ons gemeente-identiteit:

1. Ons glo God is soos Jesus Christus Hom aan ons bekend gemaak het. Hierdie geloof in God wat vol genade en liefde is, maak ons vry van 'n wettiese godsdienstigheid en 'n krampagtige lewensuitkyk. Ons geloof in God vul ons lewe met dankbaarheid en vreugde.

2. Ons glo dat God deur sy Gees by ons teenwoordig is en gewone mense in sy diens betrek. Hierdie geloof in God se werksaamheid roep ons tot verantwoordelikheid om onsself diensbaar te stel. Dit vra van ons uitnemendheid wat betref musiek, liturgie, die nadenke oor ons geloof en die tyd wat ons vir geloofsake afstaan.

3. Ons glo dat God mense inspireer om sy getuies te wees. God se algemene genade aan alle mense bring mee dat ons sensitief sal luister na alle menslike uitinge waaronder kunswerke. Die getuienis wat in Die Bybel versamel is, bevat vir ons die grondwaarhede oor 'n lewe voor God en met ons naaste. Daarom respekteer ons die Bybel se historiese aard, die eiesoortige waarheidsbegrip, die verskillende literatuurtipes asook die lewensomkerende appèl wat dit op ons maak.

4. Ons aanvaar die boodskap van die Bybel. Ons het as mense 'n bewarende verantwoordelikheid teenoor God se skepping en ons verhoudinge met ander mense is net so belangrik as ons verhouding met God.

5. Ons aanvaar dat God aan ons geloofsgemeenskap die deugde van geloof, hoop en liefde skenk. Omdat ons begenadigde sowel as sondige mense is, moet ons voortdurend stry teen God-onterende en onegte uitinge van geloof, hoop en liefde.

6. Ons aanvaar dat elke mens uniek is. Daarom skep ons optimaal ruimte dat 'n verskeidenheid van ouderdomme, persoonlikheidstipes en spiritualiteite in ons geloofsgemeenskap kan tuis kom sonder dat die ander elemente van hierdie gemeentebelydenis weerspreek word.

7. Ons erken dat die wetenskap en die geloofsbronne – mits dié bronne volgens eie aard verstaan word – mekaar nie weerspreek nie. Vanuit ons verwondering aan God beoefen ons die roeping om kultuur en wetenskap uit te bou.

8. Ons erken dat ons voorregte nie 'n rede is tot 'n skuldgevoel of 'n houding van meerwaardigheid nie. In die Gees van Christus se liefde is ons diensbaar om oor gemeentegrense ander te bemagtig en 'n volhoubare verskil in noodsituasies te maak. Ons ly saam met dié wat ly. Ons bly ook ontvanklik vir ander se gawes en is bereid om te groei en te ontwikkel.

9. Ons erken dat 'n geloofsgemeenskap uit gewone mense bestaan en daarom aan die spanninge van tussenmenslike verhoudinge onderworpe is. Daarom moet hierdie gemeenskap daadwerklik in stand gehou en uitgebou word terwyl ons ook deurentyd sorg dat ons bedienings- en bestuurstruktuur duidelik is, dat mag versprei is, besluitneming deursigtig is, gespreksvoering oop bly en botsende belange vroegtydig geïdentifiseer en met wysheid bestuur word.

10. Ons stem saam dat ons roeping ook inhou om te onderskei wat in ons tyd van deurslaggewende belang is. God se gawe van eenheid, geregtigheid en versoening is tegelyk ook die opdrag van God waarvoor ons opofferinge as geloofsgemeenskap in hierdie tyd in ons land moet maak.



Sketse uit: ***Hij was een van ons*** – deur Rien Poortvliet

Embleem van ons Gemeente

'n Bootjie op water is een van die bekendste Christelike simbole.

Dit herinner mens aan Noag se ark, Jesus saam met sy dissipels op die meer van Galilea en aan Paulus wat tydens sy sendingreise dikwels per skip gereis het.

Waarskynlik die duidelikste boodskap van die bootjie is dat ons glo dat die Here ons nie in die veilige hawe anker nie, maar soos Paulus oor grense na ander stuur.

Ons word gestuur om geloof, hoop en liefde – die drie Christelike deugde – met woord en daad uit te dra.

Dat die Heilige Gees soos die wind waai, is 'n bekende Bybelse beeld wat by die bootjie-beeld inpas. Dit beklemtoon die Gereformeerde perspektief op die Bybel dat dit gaan om God se liefdesbeweging – sy naam, wil en koninkryk – en dat ons deel daarvan kan wees.

Die water onder die bootjie is in Bybelse beeldspraak 'n aanduiding van die realisme dat die lewe vol onsekerheid is. Te midde van die onsekerheid is ons op reis na waar die Gees ons neem...

Ons nuwe Bedieningstruktuur

Ons is oortuig dat ons roeping om geloof, hoop en liefde uit te leef in die eerste plek verwesenlik moet word in ons huwelike, gesinne, vriendekringe sowel as in die daaglikse beroepe wat ons beoefen...

Die gemeente se bediening aan lidmate is gevolglik primêr só ingerig dat mense vir hulle daaglikse lewe toegerus kan wees.

Ons wil in die tweede plek ook ons roeping vervul deur georganiseerde deurlopende aktiwiteite en ad hoc-projekte wat ons as geloofsgemeenskap aanpak. Ons bied dus 'n ruimte sodat lidmate, wat tyd beskikbaar het, hul gawes, belangstellings en kragte kan saamvoeg om 'n verskil ten goede te maak waar nood bestaan of 'n diens gelewer kan word.

Enkele uitgangspunte:

- Ons wil gemeentebedieninge moontlik maak vir alle lidmate en nie slegs vir kerkraadslede nie. Daarom is 'n lidmaatbetrokkenheidslys in die gemeente versprei.
- Ons wil nie dat enkele lidmate oorlaai word nie. Daarom ontmoedig ons lidmate om by meer as twee bedieninge betrokke te raak.
- Ons wil verantwoordelik met mense se tyd en kragte werk; vergaderings en vergadertyd moet beperk word tot dit wat werklik nodig is.
- Ons wil, wat ons organisasie betref, sover moontlik aansluit by indeling en benoeminge van ons ring en sinode.
- Ons noem ons kommissies daarom voortaan diensgroepe en groepeer hulle in vier diensterreine.
- Ons wil dat die leierskap van diensgroepe wissel: elke twee jaar sal daar verkiesing wees en 'n persoon kan slegs vir twee termyne direk na mekaar gekies word.
- Die komitee vir vrouebelange word voortaan 'n diensgroep van die kerkraad soos die ander en nie meer 'n paralelle organisasie wat byvoorbeeld ook 'n barmhartigheids- en jeugafdeling het nie.
- Ons wil nie bloot by aktiwiteite betrokke raak deur bloot net geld daarvoor te gee nie. Ons verkies om finansieël betrokke te wees waar ons lidmate persoonlik betrokke is.

Huidige diensgroepe en nuwe diensgroepe word derhalwe soos volg in vier afsonderlike diensterreine verdeel:

Die vier Diensterreine en elke terrein se Diensgroepe

1. Geloofsontwikkeling	2. Gemeente-ontwikkeling	3. Gemeenskapsdiens	4. Ondersteuningsdiens
Erediens- en musiek-bediening	Wyksbediening	Barmhartigheidsdiens	Finansiële diens
Gebedsbediening	Gesins- en Jeugbediening	Getuienis- en ekumeniese bediening	Fasiliteite-diens
Toerustingbediening	Senior volwasse bediening		Personeeldiens
Bybelstudiegroepe	Vrouebelange		Kommunikasiediens
			Kantoordiens
			Beplanningsdiens